higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)

27 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NOTA AAN NASIENER: Neem die kandidaat se inisiatief in ag.

VRAAG 1

UITLEG	INHOUD	TAAL/SPELLING	TOTAAL
3* 1 = gepaste titel 1 = paragraaf 1 = aantal woorde	13	4 (-½ per fout)	20

*Enige gepaste titel, byvoorbeeld:

- KINDERS BAAT BY HERWINNINGSPROJEK
- MULAWINKEL GROOT SUKSES
- LEER KINDERS HERWIN
- PROJEK RED KIND EN OMGEWING

***Inhoud** (volsinne in paragraafvorm):
- 'n Herwinningsprojek in Jeffreysbaai leer kinders herwin
- entrepreneursvaardighede
- om te spaar
- 'n Vergadering is met verskeie organisasies belê om te besluit wat nodig is om die projek te begin.
- Voorleggings is van herwinningsmaatskappye aangevra vir die aankoop van herwinningsmateriaal
- Die samewerking van skole en ondersteuning van plaaslike maatskappye is verkry.
- Almal het 'n voorraadlys en rooster ontvang om te bepaal wat hulle kon bydra en of hulle Maandagmiddae beskikbaar sou wees.
- Plakkate is by skole aangebring om leerlinge tot deelname aan te spoor.
- Die skoolkinders bring Maandagmiddae herwinbare materiaal na die gemeenskap-sentrum
- Dit word geweeg – punte word per gewig toegeken
- Die kinders ontvang mula – 'n geldeenheid – daarvoor.
- Daarmee koop hulle toiletware, kos, skryfbehoeftes, klere en speelgoed by die mulawinkel.
- Gepaste titel

*__Aantal woorde tussen hakies aangedui__ – nie meer as 135 woorde nie. -2 punte indien aantal woorde nie aangedui is of indien die getal nie korrek is nie.

[20]

VRAAG 2

UITLEG*	INHOUD	TAAL	TOTAAL
4* -1 per fout	18	8 (-1/2 per fout)	30

NOTULE VAN DIE **EERSTE ALGEMENE VERGADERING VAN DIE HERWIN-EN-WENPROJEK** * GEHOU OP **1 FEBRUARIE 201X*** OM **17:30*** IN DIE (enige) **LOKAAL**.*

1. BYWONINGSREGISTER *

   12 lede soos per bywoningsregister ✓
   (Indien name en portefeuljes van bestuur gemeld word maksimum een punt – geen punte indien enige fout/weglating)

2. VERSKONINGS*
   Geen ✓

3. OPENING EN VERWELKOMING*
   - Die voorsitter, mnr F Memon, verwelkom die lede. ✓ Hy lewer 'n kort
   - PowerPoint-aanbieding om die besprekings te rig/aan die gang te kry. ✓

4. SAKE VIR BESPREKING*

   4.1 Gemeenskapsvergadering *
   'n Gemeenskapsvergadering moet vir 20 Februarie✓ belê word om die gemeenskap te betrek.✓ Die voorsitter sal uitnodigings stuur (reëlings tref) aan prominente persone en bestuurders van sakeondernemings.✓
   Eenparig aanvaar✓

   4.2 Herwinningsmaatskappye *
   Mnr. K Phenning✓ moet herwinningsmaatskappye identifiseer✓ en kontak vir voorleggings om die herwinningsmateriaal te koop.✓
   VOORSTELLER: Voorletter/s en van van student✓
   SEKONDANT: Ann Moloi✓

   4.3 Voorraadlys*
   - Me. L. Kooi✓ bied aan om 'n lys op te stel van voorrade wat in die herwinningswinkel aangehou moet word.✓
   - Alle lede stem saam/eenparig aanvaar✓

5. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING*
   1 Maart 201X✓

6. AFSLUITING*
   Die vergadering sluit om 19:45✓

[30]

VRAAG 3

UITLEG *-1 PER FOUT	INHOUD	TAAL	TOTAAL
3	8	4 (-1/2 per fout)	15

*HERWIN-EN-WENPROJEK

Doel van vraelys in volsin van ongeveer 30 woorde. ✓
Byvoorbeeld: Ons beoog om die herwin-en-wenprojek een middag per week by elke skool te bedryf.
Instruksie:
Voltooi asseblief die vraelys om ons in staat te stel om 'n uitstekende diens aan u leerders te bied.
Moedig ontvanger aan om vraelys te voltooi.✓
Byvoorbeeld: Die vraelys sal binne 'n week by u skoolhoof afgegee word en na 'n week afgehaal word.✓

Gebruik TWEE vraagtipes * om vas te stel of:

- die skool leerders sal laat deelneem aan die herwin-en-wenprojek✓
- op watter middag die projek by die skool bedryf kan word✓
- die leerlingraad/ouers betrek kan word om as vrywilligers in die herwinningswinkel te werk✓
- die skool 'n stoorplek kan bied vir die voorraad van die herwinningswinkel✓
- watter produkte in die herwinningswinkel aangehou moet word✓

*Bedank leser dat hy/sy die vraelys voltooi het

*Handtekening (R. Surti)

*Datum (enige na 20 Februarie)

*Vrae logies uiteengesit

[15]

VRAAG 4

UITLEG	INHOUD	TAAL	TOTAAL
5*	12 ✓	8 (-1/2 per fout)	25

*HERWIN-EN-WENPROJEK
*Posbus XXX, DORP/STAD, Poskode
*Telefoonnommer
(enige geskikte formaat/briefhoof)

*****Datum (enige na 20 Februarie)

*Die munisipale bestuurder
*Naam van munisipaliteit
*Straatadres
*Dorp/Stad
*Poskode

Geagte Meneer

*VERSOEK OM GEMEENSKAPSAAL VIR GEMEENSKAPSPROJEK TE GEBRUIK
(enige gepaste inhoudsopskrif)

Verwys na gesprek oor die aangeleentheid/datum en wyse van kontak✓

Rig versoek
- Gebruik van gemeenskapsaal vir herwin-en-wenprojek vir skoolleerders✓
- Op Vrydagmiddae✓
- Stoorruimte vir voorrade van herwinningswinkel✓
- Skole beskik nie oor gepaste lokale/ruimte ✓

Verduidelik projek
- Kinders ruil herwinningsmateriaal – plastiek, glas ens. vir punte✓
- Punte word per gewig toegeken✓
- Kinders word met mula – 'n geldeenheid – betaal✓
- Kinders koop kos, klere, skryfbehoeftes ... by herwinningswinkel✓
- Enige toepaslike inligting✓

Verduidelik voordele vir gemeenskap✓
- Kinders word bemagtig (leer spaar, herwin, verkry entrepreneursvaardighede)
- Rommel sal van sypaadjies, strate verdwyn

Welwillendheid✓
Byvoorbeeld: Ons vertrou dat u ons versoek gunstig sal oorweeg/Datum van terugvoering

*Die uwe

* *F. Memon*
* F. Memon /Fazil Memon
* PROJEKBESTUURDER

LET WEL: Die inhoud is 'n riglyn. Beloon 'n oorspronklike aanslag solank die inhoud relevant is.

[25]

VRAAG 5

UITLEG	INHOUD	TAAL	TOTAAL
3*	5✓	2 (-½ per fout)	10

*Inhoud binne raam
*Netjiese en aantreklike spasiëring/gesentreerd
*ABBA-beginsel toegepas
Voorbeeld

Aandag	**KOOP MET OPTELGOED GEBRUIKGOED/enige**	
Belangstelling en begeerte	TEL DAARDIE BLIK, BOTTEL, PLASTIEKSAK OP	✓
	RUIL DIT VIR	✓
	KOS, KLEURKRYTE, KLERE, TOILETWARE	✓
	BY DIE HERWIN-EN-WENWINKEL	✓
	WAAR? DIE **GEMEENSKAPSAAL** IN KERKSTRAAT	✓
	WANNEER? **ELKE VRYDAG** VAN 14:00 TOT 16:00	
Aksie	**BRING JOU OPTELGOED VANAF VRYDAG 4 MEI**	

[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou